

**Donderdag 12 November**

**Skrifgedeelte: Daniël 8**

**Fokusgedeelte: Daniël 8:13-14**

**Getel en geweeg op God se skaal – die tyd van herstel is God-bepaald voor die deur!**

Onder die aanvoering van die magte van die duisternis in sy tyd (Babel, Medië, Persië, Griekeland en die Romeinse Ryk) het die kerk van die Here geweldig gely. Die uitverkorenes van die Here moes lig wees terwyl hulle omring is van donkerte, en hulle het die walms van sonde ingeasem terwyl daar 'n sondige erediens ingevoer is, die offers ontheilig is en die ware godsdiens vertrap is (vs 12).

Vra ons nie ook in alle eerlikheid nie: “Hoe lank sal die dinge ... aanhou?” Dit is 'n sug van moedeloosheid en desperaatheid. As Nuwe-Testamentiese gelowige word jy saam met jou medeglowiges ook daaglik gekonfronteer met skrikwekkende sonde. Die verleiding tot 'n valse erediens is die druk van 'n knoppie ver op jou televisiestel waar die mens en sy sug na materiële welvaart homself aanbid.

Skep moed uit die moedeloosheid en desperaatheid! Hierdie onheilsmagte en die gevolge van hulle heerskappy is instrumente in God se hand – dinge wat die heilige God in sy diens gebruik om sy kerk op te bou en haar gereed te maak vir die heerlijkheid waarvoor Hy haar bestem het!

Hyself het die tyd bepaal waarin hierdie boosheid, wetteloosheid en skrikwekkende sondige dinge sal gebeur. Die tyd van die kerk se finale afronding te midde van verstikkende omstandighede is God-bepaald en daarná sal die heiligdom herstel word: die kerk sal in haar volle heerlijkheid tot haar Bruidegom wat haar met sy kosbare bloed losgekoop het, geneem word! Deur die werking van die Heilige Gees is sy bekleed met reinheid en heiligheid en regverdige dade.

*Sing: Skrifberyming 18-7:1, 7, 8, 11, 12*

*Ds. JC van Dyk (Jannes) (Ventersdorp)*